

**2 Oktober**

**Skrifgedeelte: Johannes 7:25-52**  
**Fokusgedeelte: Johannes 7:29,37,38,46**

### **Jesus se Sender en die gespartel van die raadslede**

Tydens die Huttefees roep Jesus uit: "...dit is die ware God wat My gestuur het, en vir Hom ken julle nie. Ek ken Hom..." Jesus gee geen bewys hiervan nie, want Hy is self die bewys. Op die laaste dag van die fees kom dit met groot liefde van Hom: "As iemand dors het laat hy na My toe kom en drink". So vervul Hy Jesaja 12:3: "Met blydschap sal julle water skep uit die fontein van redding". Wie in Jesus glo, word gered en word self 'n fontein wat deur die krag van die Heilige Gees ander verkwik. Dit is nie so belangrik waar Jesus gebore is nie, maar wel Wie Hom gestuur het en wat sy boodskap is. Die volk en hulle Raad val egter vas by sy aardse herkoms (soos die wêreld met Kersfees). Vir hulle kan Hy nie die Messias wees nie want hulle dink Hy kom uit Galilea. Selfs Nikodemus, wat die Raad wil teruglei na Jesus se boodskap deur te pleit dat hulle tog eers na sy kant van die saak moet luister, word 'n belediging toegesnou. Intussen probeer die Jode drie keer op die fees om Jesus gevange te neem, maar slaag nie daarin nie omdat sy tyd nog nie gekom het nie. Selfs die wagte word deur Jesus se prediking oorweldig.

Is Jesus vir jou net 'n historiese figuur oor Wie daar maar gespekuleer kan word, of het jy Hom lief omdat sy Gees in jou woon? Les jy ook ander se geestelike dors omdat jou hart 'n fontein is?

*Sing: Skrifberyming 3:2*

*Ds J Venter (Emeritus)*